

## **Tema: Geborg deur God se genadegawe en die onnaspeurlike rykdom van Christus kan ons biddend volhard**

**Skrifvoorlesing: Efesiërs 3:1-12**

**Teks: “Van hierdie evangelie het ek dienaar geword, voorreg wat God in sy genade aan my gegee het deur sy krag in my te laat werk. Hoewel ek die geringste van al die gelowiges is, het Hy aan my hierdie voorreg gegee om aan die heidennasies die evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus te verkondig.” (3:7,8)**

Efesiërs 3:1-13 bevat invoeging van elf verse (2-12) waardeur Paulus sy hoofgedagte (gebed) onderbreek. In hierdie elf verse kry ons egter van die aangrypendste beskrywings van die evangelie en die bediening daarvan. Waarom juis hier? Omdat Paulus hiermee sê waarom hy (en ons) vrymoedigheid met/oor God en (gebeds) toegang tot God het, sodat hy vir die gemeente (en ons vir mekaar) kan bid.

### **Geborg deur God se genadegawe**

Wanneer iemand geborg word om aan ’n sport deel te neem kan hy hom heeltyds daaraan toewy, want hy weet sy borg sorg vir hom. Paulus se optrede getuig van geborgdheid. Sy diens aan die heidene word geborg **deur God se genade** (v 2) wat hy as “*gevangene van Christus*” (v 1) beleef. Hierdie genade beleef hy ook in die “**werking van sy (God se) krag**”.

**As dienaars van God het ons ook behoefte aan sekuriteit.** Solank dit uiterlik goed gaan sal ons (menslik) geneig wees om tevrede te wees met dieselfde soort sekuriteit as waarmee ongelowiges tevrede is: genoeg geld in die bank, genoeg mense, goeie werk, goeie gesondheid ens.. Wanneer jy egter (soos Paulus) van dit alles gestroop is, wat bly dan vir jou oor? Net dit wat van die begin af jou enigste sekuriteit behoort te wees: God se genade vir jou.

**Ons vrymoedigheid om met of oor God te praat en ons toegang tot God berus op sy genade.** As ek gebrek aan vrymoedigheid het en selde van my reg van toegang tot Hom gebruik maak (met ander woorde: min bid of onseker bid), mag ek dalk die rede daarvoor vind by my gebrek aan geloof dat God se genade in Christus ook vir my bedoel is.

### **Geborg deur die onnaspeurlike rykdom van Christus**

**Geborgdheid hang ook af van die waarde van die persoon wat of van die saak waarvoor jy geborg word.** As dit nie besliste voordeel vir hom inhou nie sal borg ook nie ruim kan wees met sy borgskap nie. Paulus se Borg ondersteun hom nie op grond van sy eie meriete nie, want hy erken dat hy “die geringste van al die gelowiges/heiligies is”. Sy borgskap berus dus in die waarde van “die saak”.

**Dit beteken: Paulus se (en onse) sekuriteit kom uit die waarde van dit wat ons bekend stel.** Die Skrif noem dit hier “*die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus*”(v 8). Elders in die brief word dit “*die evangelie van julle redding*”(1:17) en “*die evangelie van vrede*” (2:17 en 6:15) genoem. **Waarom hierdie unieke beskrywing?**

- Dis persoonlik – Christus self is die rykdom
- Dis onuitputlik – God self is die ewige Bron
- Dis onvindbaar vir die mens – die Heilige Gees maak dit bekend
- Dis onbeskryfbaar – kan nie in ’n enkele definisie beskryf word nie
- Dis ontelbaar - God laat Hom nie afmeet of aftel nie
- Dis onbetaalbaar – God se genade is nie goedkoop of koopbaar nie
- Die uniek – kan nie met wêreldse rykdom vergelyk word nie

### **Hoe raak dit ons roeping?**

Die kerk (en elke gelowige) as dienaar van Christus kom daagliks voor die versoeking om op menslike manier die koninkryk van God te bevorder deur een of ander mooi projek. As ons van buite befondsing kan kry vir die uitgawes sien ons dit maklik as goeie teken om daarmee voort te gaan. Dan gebeur dit ook maklik dat ons terugstaan as daar nie geld is nie.

Daarmee loop ons gevaar om ons unieke voorreg en opdrag as “*gevangenes van Christus*” te verbeur. Wanneer die *onpeilbare/onnaspeurlike rykdom van Christus* egter ons goeie boodskap aan die wêreld bly, sal ons altyd bestaansreg hê by God en sal sy genade ons altyd borg.

Juis omdat ons die *onpeilbare rykdom van Christus* moet bekend maak het ons soveel meer rede om dit biddend (op ons knieë voor die Vader – v 14) te doen. Daar is nie ander manier om die rykdom van Christus tot voordeel van mekaar te ontgin nie.